Vooraf kennisgewing

Uitnodiging om kurus vir sertifisering as Groenvlag ouditeurs by te woon

GeagteRoete-eienaars en Stappers

Die Groenvlagouditering van staproetes het ‘n sterk groei getoon gedurende die afgelope 12 maande. Op hierdie stadium het al die hoof-rolspelers in die stap-industrie hul samewerking gegee: SANParke, SAFCOL, KZN_Ezemvelo en sommige van die provinsiale regerings en groter munisipaliteite. Vier buitelandse lande is ook reeds deelvan die stelsel en daar is sterk mootlikheid om via die World Trails Network die stelsel internasionaal te kan bemark.

Privaat eienaars is ook reeds in groot getalle betrokke maar daar is behoefte om die stelsel verder uit te brei na die baie roetes in die land wat nog nie Groenvlag is nie. Ons is dit verskuldig aan die stappers publiek om te verseker dat hulle”waarde vir geld” kry en daarvoor is die stelsel van objektiewe kwaliteits kontrole deur opgeleide assessors nodig. Dit is dus nou die aangewese tyd om nuwe ouditeurs in die veld te stoot en die bestaande gesertfiseerde ouditeurs weer vir twee-jaarlikse verfrissings kurus te neem.

Die volgende kursus word gehou vanaf **19 – 21 Junie 2015 by Rustig**, in die Magaliesberge.

Die kurus sal die volgende behels. (Verdere detail sal verskaf word op u versoek)

Dag 1: Vrydag – Vanaf 09h00 – 17h00

1) Teorie van Groenvlag en metode van veldwerkopnames
2) Roete konstruksie evaluering aan die hand van die KZNHandleiding
3) Praktiese veldwerk opleiding.

Dag 2: Saterdag–

Praktiese assessering van ‘n dagroete; begelei deur ‘n instrukteur.

Dag 3: Sondag -

1) Bespreking van vorige dag se assessering
2) Verslagskrywing prosedures
3) Groenvlag administasie prosedures.

Kostes:

VOSA is ‘n nie-winsgewende organsasie. Kostes vir die kursus sal tot die minimum beperk word ten einde dit bekostigbaar te maak vir deelnemers. Die finale prys sal eers bereken kan word nadat die getal kurusgangers vasgestel is. Dit gaan vir VOSA slegs om reele kostes te dek. Ons versoek u dus om dadelik te reageer indien u sou belangstel om opgelei te word. ‘n Formele *uitnodiging* met alle besonderhede sal dan aan u gestuur word.

Voordelevir u:

Groenvlagouditeurs behoort nie opleiding te kry twv die verdien van ekstra inkomste nie. Die motivering moet wees om passievol deel te wees van die algemene verbetering van die stapindustrie in die land. Daar is wel normal weg ‘n belonging van R750 per stapdag sowel as R250 vir die verslagskrywing beskikbaar. U sal ook natuurlik die roete wat u oudit gratis kan stap en een metgesel gratis saamneem. U vervoer kostes sal ook gedek word na ooreenkoms met die eienaar.

Ten einde te kwalifiseer moet u, afgesien van die kursus hierbo, ook nog een roete saam met ‘n gesertifiseerde ouditeur doen om te kan bewys dat u op selfstandige wyse professionele werk kan doen. Hiervoor be-oog ons om op Dinsdag 22 Junie teRustig so ’n geleentheidvir u te bied waar u dan onder kontrole en met hulp, so ’n oudit kan doen.

Voorvereistes:

Ten einde toegelaat te kan word tot die opleiding moet u kan bevestig dat u ‘n gereelde stapper met ondervinding is of dan in beheer is van die onderhoud van staproetes. Basiese rekenaarvaardigheid is nodig om dat u verslae sal moet kan saam stel. Toegang tot die gebruik van ’n veld-GPS is baie sterk aan te beveel.

Ons hoorgraag van u *per kerendepos*

Beste groete…..in belang van stap!

Albert Bossert
Chairperson HOSA / Voorsitter VOSA
PROJECTS MANAGER / PROJEKTE BESTUURDER
gfa accreditor/akkrediteur
072 22 88 161
Posbus/po box 1750
noordheuwel, krugersdorp 1756.

CONTACT PERSON:
Leon Hugo leonhugo@vodamail.co.za
082 578 3023

Stap vir gesonheid/ Hike for health